

Milorho Lodge (Place of dreams)

Wes van Buffelspoortdam. Oos van Rustenburg.
GPS Koördinaat : S25° 50' 08.2", E27° 23' 42.5"
Sowat 120km (~2ure) vanaf Pretoria.
24-26 Mei 2019.



M MILORHO LODGE

Chamaine & Glenn Foord, Elsabe During, Dominique De Matteis, Phrina Oosthuizen, Jan du Preez, Everdt Combrink, Wouter Crous, Isabel Baatsen, Renee Crous, Erna Lubbinge, Anna-Marie Lotter, Immanda Louw, Celeste Birch; voor: Corrie du Preez, Wilma Hale, Dave Hale, Marius Stander; en ook: Norma Grotius, Magda Grobler, stap saam Monique sluit Saterdag aan by die groep.



Ons verblyf was in 'n paar Campmaster, Raoman, Sunseeker, Sunncamp, Coleman, Campmor outdoor, Bangalow, ToyLegend, Mitsubisi en ander tente. Die wat nie al die kamptoeusting gehad het nie, het maar oral geleen, en so het elkeen darm 'n matrassie, dak en heerlike blyplekkie gehad. 'n Vreemde verskeidenheid en weergawes van alles.



Vrydag:

Vanaf die oggend al daag die eerste kampeers op en maak hul dakkies staan. Ons het so 5 tentstaanplekke gehad. Netjies gelykgemaakte, ont-klip en be-gronde-lekker grasbeplante, staanplekke, op die stadium nog sonder krag. Sommer lekker en opmerklik was die samesyn en die hulp. Almal help almal om hul tente te ontrafel en op te slaan en kamplekke reg te kry. In die lekker rowwe bos. Die aand braai ons vleis en vele ander bygeregte op die vuur. Dave skenk aan die klub 'n plat vlekvrystaalplaat wat ons onder in 'n groot drombraaier kan sit in die toekoms om die kole so 'n bietjie nader aan die rooster te bring in plaas van die klippe wat ons soms onder in diep braaiers moet pak. Dit werk baie goed. Groot dankie!. Die raak vroegsaand koelerig, maar ons maak 'n lekker kuiervuurtjie en daar word nog tydjie om die vuur gekuier. Rondom 21h00 is vuurtjie verlate.



Saterdag:

Om 8h00 neem ons die groepsfoto en vat die pad anderkant die kampeerterein. Die 11Km groen roete. Die roetes is in 2018 ontwerp en uitgelê deur Gerhard van Greunen. Ons hoogtepunt is sowat 1680m en ons het op ongeveer 1450m begin. Tot by 'n ou fondasie/uitkykpunt op die kloof hier onder ons, dan af en op in die kloof, al langs 'n stroompie met groot ou boomvaring en ander waterliewende plante.




Mooi. Dan die laaste deel van die 'n bietjie klippe klip, op, om en oor, maar almal maak dit. Verby die ou kraal en dan uit die kloof, al langs die bo-rand daarvan. Mooi uitsigte, dan bietjie wegbreek en al matig op-op oor die grasvlakte. Twee stappers draai hier om en keer terug kamp toe. Darm 'n stukkie van die mooi gesien. Die res gaan aan, ons kruis 'n fraaie riviertjie en stop soos ek voorgestel het sommer oral waar dit net naastenby ampet mooi lyk. Ons het genoeg tyd en stap rustig en geniet die veld. Die Aloe Peglerae alwyntjies met hul toegevoede blare is weer prominent hier. Vreemde en mooi rotsformasies. Hoe later ons stap en hoe moeër mense raak word allerhande figure en goete in die klippe gesien. Almal het na die paar keer se stop darm nog ietsie om te ete en by 'n groterige koelboom is dit amptelike middag ete hier rondom 11h30. Isabel steek haar stofie op, ander haal die warmflesse uit en ander geniet ietsie koud. Na 'n rustige sit en eet en kuier sessie moet ons maar weer aanbeweeg. Jan voel sterk en hou 'n paar rotse net mooi in plek. Al hoe meer mense sien al hoe meer figure in die klippe. Raak ons moeg of raak die klippe net meer?





Dan in die volgende klofie sit ons weer bietjie en geniet die koel groen rustigheid on die skadukolle. Helder skoon waterstroompies. Terug tot ongeveer weer by die fondasie van vroer en dan tot by die klipplate met die waterstrome. 'n Paar van ons waag net ons voete in die koel water en Dave is braaf genoeg vir 'n vollyf swem. Dan deur stap ons deur die Chalet-area en en dan die laaste entjie tot by ons kampterein. Nie te uitputtende roete nie, mooi wye paadjie, hier en daar bietjie dof, met min merkers, maar grotendeels goed gedefinieer, maar dit lyk of daar onlangs 'n brand was, aangesien sommige bordjies se viniel af is of gebrand is. Dalk die rede. 'n Skoen word ook gou langs die pad met Dave se nou al amper bekende geel *ducktape* herstel. Maar kom gerus, dit is ook 'n lekker dagstap wat jy net as dagbesoeker kan kom mee-maak. Sowat 14:00 is almal terug by die kamp. Heerlik warm gestort en net rustig geraak. Soos dit hoort op 'n kamp/stap naweek.



Ons probeer bietjie later die brikette vannaand aansteek, sodat die kamper nie so vroeg gaan slaap nie. Weer gebrui. Magda bring 'n Stomp wat ons o.a. gebruik vir die kuiervuur.

Sondag: Vandag stap ons die sowat 3km bruin roetetjie. Grotendeels dieselfde as die Saterdagstap, maar met 'n baie mooi ekstra kinkeltjie in. Verby die damwal waar die plaas se drinkwater o.a. versamel word en dan ook 'n intresante 'afklimsessie' teen die rotse om weer onder in die klofie te kom. Ook 'n baie mooi watervalletjie waar almal fotos neem. Weer deur die Chalet-area en dan kamp toe. Net 'n lekker Lui-lekker sonda stappie.



Na die stappie is die tyd vir ontbyt. Anna-Marie en Dave bring hul skottelskare en gasbottels. Dave bring sy klein yskassie vir die koelhou van die ontbytbestandele wat ek koop (met die stappers se geld) en ek bring 'n bietjie kombuisgerie en almal help rasper, sny, smeer, oopmaak, roer en gaarmaak. Ons eet 'n heerlike Wors/ Spek/ Eiers/ Celdery/ Tamaties/ Brood/ Botter/ Kaas/ Konfeit en vrugtesap ete so tussen 10h00 en 11h00 waarna almal hul laaste goetertjie opslaan en inpak en die pad vat. Terug huis toe.

Die ablusiegeriewe vir die mans het 4 privaat sitplekkies en 4 storte, die dames het 4 sitplekkies, 3 storte en 'n bad. Warmwater per Gas-verwarmers. Die geriewe is eindelijk nog nie finaal klaar nie, dus het daar goete soos hakies, speels, bankies en 'n paar krane gekort, die terein moet nog bietjie opgeruim word ens, maar dit sal binnekort klaar wees en dan 'n 5ster kampterein wees. Die opwas-area het 4 dubbel-wasbakke, almal ook met Warm water.

Dankie Ian en Renee vir die geleentheid om solank julle baie netjiese fasiliteite te kon gebruik. Ek het bespreek direk Renee van Milorho Lodge. 083 290 6464. www.MilorhoLodge.co.za Info@MilorhoLodge.co.za Daar is ook 'n aantal baie netjiese luukse chalets asook n' kapel en funksie saal op die terein wat gehuur kan word.

Finansies:

Inkomstes: R3150
 21 pesone @ R150 elk (R100 Kamp&Stap, R10 Klubfooi, R40 ontbyt): R3150
 Uitgawes : R2,906
 Milorho Lodge : R2,100
 4x4kg brikette (R25elk)+4xhout@R14elk+2xAanstekers@R12=R180
 Ontbytbestandele Gebruik : R626
 Projek surplus : R244

